Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

## 20 NOVEMBER 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | ses | | |
| | 1.1.2 | parlement | | |
| | 1.1.3 | verslag | | |
| | 1.1.4 | Kimberley | | |
| | 1.1.5 | plaaslike/munisipale regering | | |
| | 1.1.6 | Kaapstad | | |
| | 1.1.7 | een | | |
| | | | (7 × 2) | (14) |
| 1.2 | 1.2.1 | E | | |
| | 1.2.2 | H | | |
| | 1.2.3 | A | | |
| | 1.2.4 | B | | |
| | 1.2.5 | J | | |
| | 1.2.6 | D | | |
| | 1.2.7 | F | | |
| | | | (7 × 2) | (14) |
| 1.3 | 1.3.1 | Onwaar | | |
| | 1.3.2 | Onwaar | | |
| | 1.3.3 | Onwaar | | |
| | 1.3.4 | Waar | | |
| | 1.3.5 | Waar | | |
| | 1.3.6 | Onwaar | | |
| | | | (6 × 2) | (12) |
| | | | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1
- Om 'n demokratiese en aanspreeklike regering vir SA te voorsien
- Om volhoubare dienste te voorsien
- Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder
- Om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder
- Om die betrokkenheid van alle belanghebbers in plaaslike regeringsake aan te moedig

(5 × 2) (10)

2.2
- Om die beginsels van openbare administrasie te verseker
- Om 'n verskeidenheid dienste te lewer wat hoër owerhede nie kan lewer nie
- Om geld ekonomies aan te wend
- Om dienste teen 'n goedkoper tarief te lewer
- Om die las van die sentrale regering te verlig
- Om aan die verskillende behoeftes van verskillende stede te voldoen
- Om belangstelling in die administrasie te bevorder
- Om spesialisasie vir verskillende behoeftes te voorsien
- Om beleide vinniger te implementeer
- Om inwoners se belangstelling in hulle eie omgewing te stimuleer
- Om plaaslike inisiatief te stimuleer
- Om voordeel te trek uit die feit dat hulle beter geposisioneer is om nasionale beleid uit te voer
- Om hulpbronne doeltreffender te benut as hoër owerhede
- Om die nasionale beleid te formuleer
- Om inwoners aan openbare aktiwiteite te laat deelneem (Enige 10 × 1) (10)

2.3
- Behuising kan huise of woonstelle wees.
- 'n Lys name van mense wat huise nodig het, word saamgestel.
- Huise word volgens die lys toegeken.
- Huur word vir huise of woonstelle betaal.
- Indien mense nie kan betaal nie, moet 'n oplossing gevind word.
- 'n Deposito moet eers betaal word.
- Die deposito word gebruik om skade te herstel.
- Huise moet gereeld geïnspekteer word.
- Defekte moet herstel word.
- Huurders is aanspreeklik vir enige skade.
- Standplase word beskikbaar gestel. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.4
- Daar is ’n vasgestelde tyd vir die voltooiing van die kiesersrol.
- ’n Persoon word aangestel om die kiesersrol voor te berei.
- Registrasievorms word beskikbaar gestel.
- ’n Lys word ná die sluitingsdatum saamgestel.
- Die lys word in wyke ingedeel.
- Die lys word vir inspeksie geadverteer.
- Mense kan daarop aanspraak maak om in- of uitgesluit te word.
- ’n Hersieningshof neem die finale besluit.
- Die kiesersrol word as geldig gesertifiseer. (10)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1
- Dit is problematies om belangegroepe met mekaar te versoen.
- Munisipaliteite kan nie aan toenemende behoeftes voldoen nie.
- Slegs geselekteerde behoeftes kan bevredig word.
- Indien daar nie aan eise voldoen word nie, lei dit tot konfrontasie.
- Plaaslike owerhede is derdevlakregerings.
- Hulle beskik oor beperkte regsprekende magte.
- Groot en klein plaaslike owerhede verskil in struktuur.
- Raadslede word op ’n partypolitieke grondslag verkies.
- Groepe oefen druk op plaaslike owerhede uit.
- Formele kommunikasiekanale word nie gebruik nie.
- Vakbonde oefen druk uit deur middel van sloerstakings en stakings.
- Eiendom word tydens protesoptrede beskadig. (Enige 5 × 2) (10)

3.2
- Die getal lede word voorgeskryf.
- Lede word na die verkiesing van die burgemeester en onderburgemeester verkies.
- Die komitee moet ’n voorsitter en ondervoorsitter kies.
- Die komitee kan deur die raad ontbind word.
- Vakatures word gevul deur lede vir die oorblywende periode te verkies.
- Die ampstermyn is vyf jaar.
- Lede ontvang ekstra toelaes om op die komitee te dien. (Enige 5 × 2) (10)

3.3
- Dit oefen beheer uit oor lisensie wanneer kommersiële lisensies uitgereik word.
- Dit verseker dat sakeondernemings nie gesondheidsgevare skep nie.
- Dit reik beheersertifikate uit.
- Gesondheidsinspekteurs inspekteer sakeondernemings.
- Dit kan optree indien daar nie aan wetgewing voldoen word nie.
- Dit kan weier om lisensies toe te staan om die gemeenskap te beskerm.
- ’n Lisensiekomitee hanteer vraagstukke met lisensies. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4
- Hy/Sy is die raadsvoorsitter.
- Hy/Sy is ’n ex officio-lid van elke komitee.
- Hy/Sy het ’n beslissende stem.
- Hy/Sy kan spesiale vergaderings byeenroep.
- Hy/Sy teken die raad se notules.
- Hy/Sy roep ’n openbare vergadering uit wanneer dit nodig is.
- Hy/Sy kan dokumente bekragtig.
- Hy/Sy ontvang ouditeursverslae.
- Hy/Sy verteenwoordig sy/haar dorp of stad.
- Hy/Sy is die seremoniële hoof van sy/haar dorp of stad.
- Hy/Sy lei afvaardigings na die provinsiale of sentrale regering.
- Hy/Sy inisieer borge of tree as beskermheer vir welsynsveldtogte op.

(Enige 10 × 1) (10)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1
- Toekomstige behoeftes word geïdentifiseer en bevredig.
- ’n Besluit word geneem oor waar toekomstige skole/kerke gebou gaan word.
- Opmeting moet stelselmatig gedoen word.
- Dit moet volgens wetgewing geskied.
- Private opmeters kan gebruik word.
- Opmeters moet aan ’n hoë standaard voldoen.
- Omvattende beplanning word vereis.
- Stadsbeplanning is gekoppel aan streeksbeplanning.
- Spanwerk word vereis. (Enige 5 × 2) (10)

4.2
- Verstedeliking beteken dat mense na dorpe en stede toe trek.
- Dit lei daartoe dat munisipaliteite in landelike gebiede nie kan ontwikkel nie.
- Landelike gebiede word ontneem van inkomste vir ontwikkeling.
- Diegene wat agterbly, sal wegtrek op soek na beter geleenthede.
- Diegene wat na die stede toe gestroom het, kan nie werk kry nie.
- Dit word ’n las vir die plaaslike owerhede in die stede.
- Voorkomende maatreëls moet getref word ten opsigte van misdaad en gesondheidsrisiko’s.
- Beleidsbesluite oor verstedeliking moet betyds geneem word. (Enige 5 × 2) (10)

4.3
- Komitees hanteer sake in isolasie en koördineer met die afdeling.
- Nabye kontak lei tot ongewenste inmenging.
- Elke komitee hanteer aktiwiteite in isolasie wat tot ’n wanbalans met betrekking tot aktiwiteite lei.
- Stadsklerke word oor die hoof gesien en afdelingshoofde word as die hoofamptenare beskou.
- Dit lei daartoe dat die stadsklerk in die verleentheid gestel word by raadsvergaderings.
- Dit is te ingewikkeld om verstaan te word. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.4
- Kiesers word aangemoedig om te stem.
- Konstruktiewe beleide word geformuleer.
- Kandidate kan gedissiplineer word.
- Dit maak dit vir potensiële kandidate moontlik om hulle verkiesbaar te stel.
- Dit maak dit vir munisipaliteite moontlik om verantwoording te doen teenoor die belastingbetalers.
- Dit voorkom dat kandidate hulle eie belange bevorder. (Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

**VRAAG 5**

5.1
- Om raadsbesluite te implementeer
- Om enige saak te oorweeg wat aan hulle toevertrou word
- Om die begroting voor te berei
- Om toesig te hou oor finansies
- Om personeel aan te stel en af te dank
- Om die funksies uit te voer wat aan hulle gedelegeer is
- Om maandeliks aan die raad verslag te doen (Enige 5 × 2) (10)

5.2
- Om verordeninge op te stel
- Om beheer oor 'n dorp/stad uit te oefen
- Om dienste te lewer
- Om belastings binne die voorgeskrewe beperkinge te hef
- Om tariewe vir die lewering van dienste te bepaal
- Om amptenare aan te stel en af te dank
- Om kontrakte te sluit
- Om lenings te bekom sodat dienste gelewer kan word (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Kan uit berge, heuwels en valleie bestaan
- Sal die ontwikkeling van dorpe en stede beïnvloed
- Kan geskik wees vir geboue al dan nie
- Mense kan verander of onderdanig wees aan die omgewing
- Balans moet gevind word tussen bewaring en benutting
- Kan toeriste lok en 'n inkomste genereer
- Kan ontwikkel word om mense se welstand te bevorder
- Voorbeelde: Tafelberg en die Groot Gat (Enige 5 × 2) (10)

5.4
- Hoof van die provinsie
- Word met munisipale aktiwiteite geassosieer
- Speel 'n belangrike rol in plaaslike regering en administrasie
- Kan 'n plaaslike owerheid aanraai om 'n bepaalde rigting in te slaan
- Kan verhoed dat plaaslike owerhede by sekere aktiwiteite betrokke raak
- Kan in plaaslike aangeleenthede ingryp
- Aangeleenthede van plaaslike owerhede goedkeur of verwerp
- Vorm munisipale beleide
- Kan voorwaardes stel (Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou